11 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #28

Geliefde Gemeente,

Wat is die doel van dit alles?

- Eerstens is dit om ons tot stilstand te bring, sodat ons kan leer, om te luister: om onsself te beoordeel; om daders van die geloof te wees.

- Tweedens: om met perspektief, prakties, in wysheid te wandel.

- Derdens: om te verstaan, en te glo dat God weet wat Hy wil doen, en dat Hy in beheer is.


Die inperking is dus 'n geleentheid: om God toe te laat, dat Sy Woord – wat rigtinggewend en korrektief behoudend is – tot ons kan kom. Nie dat ons in eie krag 'n bydrae hoef te lewer – sodat die Woord tot ons kan kom nie – maar veel eerder om 'n ingesteldheid te hê, van innerlike **"stilte",** as gevolg waarvan, ons in diepe afhanklikheid voor God kan staan. Die ruimte wat God skep, te **aanvaar** en te ervaar. Die inperking is 'n verreikende gebeure wat *elke mens* aanspreek, ongeag geloofsoortuiging, tot nadenke stem. Ons moet bewus wees van die feit: **dat die Corona virus, 'n Damaskuspad ondervinding is**, wat – soos in die geval van Saulus (Paulus), ons van ons perd laat val – ons **dwing** om te luister. Dit is 'n geval van lewe of dood, nie net lewe ten opsigte van hierdie *aardgebonde* lewe nie, maar ook lewe ten opsigte van die ewigheid. Die uiteindelike gevolg kan dus die **dood** insluit. Nie net die dood – as gevolg van die Corona virus nie – maar ook die uiteindelike dood, om verewig van God geskei te wees. In die Bybel staan dit bekend as die **eerste dood** of die **tweede dood**. *Dood* in Grieks beteken: *die gees word van die liggaam geskei*; die tweede *dood:* beteken *die gees word van God geskei*. ***Open. 20:6*** *"Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie."* (Ons vind die verwysing van die eerste opstanding onder andere in ***1 Thess. 4:16***: tydens die wegraping).

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Tweedens, **verwysend** na ***Kol. 4:5***: *"om in wysheid te wandel".* Die praktyk kan die gevaar skep, dat ons: self-verheffend, veroordelend, ons by ander meet. Dit is vir my interessant dat in my eie lewe, alles waarby ek myself by andere gemeet het, by tye in myself teenwoordig was. Tereg bepaal die Skrif: ***Matt. 7:2 "met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*** Die **wysheid** waarna ek egter graag hier wil verwys, is die woord wat opgeteken staan in ***Jak. 1:18***: "*Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees."* Mag, tydens hierdie inperking, die "***woord van die waarheid"*** daartoe aanleiding gee: **dat ons as eerstelinge voortgebring word.** Direct out of Greek ***"having purposed, He brought us forth who by the word of truth, for us to be a certain firstfruits of His creatures."***

Is dit wat besig is om met ons te gebeur? Dan, sal dit by ons 'n meer intense oorgawe vra, om hierdie inperking as 'n **Retreat** te beskou. Kom ons wees navorsers van God's wil en God's woord.

Derdens: In díé verband sluit ek vir u die volgende profesie in wat tydens ons toewyding-sessie, gistermiddag, tot ons gekom het.




Ek hoop en vertrou,
dat u teen hierdie tyd weet,
hoe ernstig dit is,
en u bestudeer u Herdersbriewe.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335